



## NGB ARTIKEL 19

Gelowiges dink soms dat leerstukke onnadenkend en eensklaps geformuleer is. Die lang ontstaansgeskiedenis van sommige leerstukke dui op die stryd en denke wat die finalisering van hierdie leerstukke voorafgegaan het. 'n Verstaan van die historiese agtergrond tot die leer aangaande die twee nature van Jesus, sal gelowiges help om die belang van hierdie leerstuk te waardeer. Na die Here Jesus Christus se Hemelvaart en die Pinkstergebeure, het die apostels gehoorsaam die Evangelie gaan verkondig. Hulle boodskap was eenvoudig; **“ἰησους κριπious - Jesus is die HERE”**. Daar was vroeg reeds dissonante stemme wat 'n ander boodskap ingesleur het. Bybelskrywers en profete het deurentyd teen hierdie valse leraars getuig. Die nadenke en besluit oor ortodoksie (suiwer, getroue teologie)- volgens WAT: *Wat streng hou by die voorskrifte van die geloof, oorgelewerde godsdienstige beginsels of die kerkleer en nougeset daarvolgens lewe*) kon nie op een of twee se skouers geplaas word nie. Belangrike besluite aangaande die ortodokse standpunt moes met konsensus (sover haalbaar) deur almal saam geneem word. So het dit dan gebeur dat die eerste algemene kerkvergaderings plaasgevind het.

Hierdie vergaderings word konsilies genoem. Tradisioneel word gepraat van die eerste sewe konsilies van die kerk. Die Grieks-Ortodokse kerk hou by die besluite by hierdie konsilies geneem. Daar was weer konsilies gehou deur die Roomse kerk, maar dit was na die

skeuring van 1054 nC. Streng gesproke was daar agt konsilies. Die eerste konsilie is gehou in Jerusalem, 49 nC. Ons lees daarvan in Handeling 15. Tydens hierdie konsilie is die verhouding tussen Christene en die Joodse wet bespreek. Die konsilie se besluit vind ons in Handeling 15:28-29: *“Die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê as net hierdie noodsaaklike dinge nie: dat julle nie vleis moet eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, ook nie bloed nie en ook geen dier wat verwurg is nie, en dat julle onsedelikheid moet vermy. As julle julle van hierdie dinge weerhou, doen julle reg. Hartlike groete.”* Dit beteken dat heidene wat tot bekering gekom het, van gehoorsaamheid aan Joodse kultiese wette vrygestel is. Hierdie eerste konsilie is gehou terwyl die vervolging van Christene nog redelik mak was. In die jare daarna is Christene vervolgd, gemartel, gekruisig. Dit sou eers **na** die einde van vervolging wees voordat daar weer 'n konsilie kon byeenkom.

Die volgende konsilies het vergader:

325 nC. Eerste Konsilie van Nicéa

381 nC. Eerste Konsilie van Konstantinopel

431 nC. Konsilie van Efese

451 nC. Konsilie van Chalcedon

553 nC. Tweede Konsilie van Konstantinopel

680 nC. Derde Konsilie van Konstantinopel

787 nC. Tweede Konsilie van Nicéa

'n Kort uiteensetting van die eerste vier konsilies is bevorderlik vir 'n verstaan van artikel 19 van die NGB.

Die eerste Konsilie van Nicéa wat onder leiding van Konstantyn die Grote byeengekam het, het die ware mensheid

en Godheid van Jesus bespreek en eindelik bely. Die konsilie het ook die Triniteitsleer geformuleer. Daarmee saam is die konsilie gebruik om die dwaalleer van Arias te bestry. Diegene wat samesweringsteorieë aanhang en Konstantyn daarvan beskuldig dat hy aan die konsilie voorgeskryf het, moet kennis neem daarvan dat Konstantyn juis die Arias-posisie ondersteun het. Die Nicéa konsilie het ook die eerste deel van die Niceense belydenis verwoord.

Eerste Konsilie van Konstantinopel het die uitgebreide belydenis van geloof in die Heilige Gees by die Niceense belydenis gevoeg. Dit is waarom die volle naam van die Niceense belydenis die Nicéa-Konstantinopolitanum is. Ons aanvaar soms onproblematies dat die belydenis wat ons aanhang, eensklaps geformuleer is. Om die Chalcedon standpunt werklik te kan waardeer, is dit nodig om die verloop van die debat te volg.

Met die Arius-standpunt finaal verslaan, is die Goddelikheid van Jesus bevestig. Net soos elke steil pad waar die volgende bult eers later sigbaar word, het die volgende kontrovers eers duidelik geword met die bevestiging van die ware Godheid van Jesus. Die volgende debat sou woed oor die aard van die verhouding tussen die twee nature van Jesus; Hoe is Sy goddelike en menslike aard met mekaar in verband te bring? Twee standpunte rakende die saak het duidelik na vore gekom. Dit was in Antiochië en Alexandrië waar uiteenlopende standpunte gehuldig sou word.

Die Konsilie van Efese was byeen geroep om die dwaling van Nestorius te bestry.

Nestorius het voorgestel dat Jesus twee persone was. Daarmee saam het hy geglo dat Maria die moeder van Jesus is. Die kerk het met die nodige versigtigheid die gedagte gehandhaaf dat Maria die moeder van die een mens (ware God en ware mens) was en daarom in daardie sin die moeder van God die Seun. Die titel wat aan haar toegeken is, is Theotokos. Die konsilie het die belydenis gehandhaaf dat Jesus een persoon met twee nature is. Die konsilie het die kerk se leer aangaande die inkarnasie gehandhaaf en met ander woorde die belydenis gehandhaaf dat die Woord mens geword het.

Die kerk in Alexandria het oormatige klem geplaas op die eenheid van die persoon. Dit was een persoon wat opgetree het, een "EK" wat gehandel het, en dit was die Tweede Persoon van die Triniteit. Die gevolg van hierdie eensydige klem was dat die kerk die ware menslikheid van Jesus afgeskeep het. Die teoloë in Antiochië wou die volle werklikheid van Jesus se ware Goddelike aard en Jesus se ware menslike aard handhaaf. Dit het daarop neergekom dat hulle die twee verwyderd van mekaar gehou het. Dit was omdat hulle wou waak daarteen om die twee nature te vermeng, wat sou kon impliseer dat Jesus se menslike broosheid op Sy Goddelikheid impakteer (dan is Hy nie ten volle ware God) of dat Sy heerlikheid Sy menslikheid (dan is Hy nie ware mens nie) ophef. Die gevolg was ongelukkig dat hulle die twee nature so uitmekaar gehou het in hulle denke dat hulle na Jesus as twee persone begin verwys het; 'n menslike seun van Maria in wie die Seun van God gewoon het. Nestorius was die bekendste teoloog in

Antiochië wat hierdie standpunt gehandhaaf het. Nestorius se standpunt is deur die Konsilie van Efese (431 nC) verwerp.

Die gevolg van hierdie besluit te Efese om Nestorius (en so ook Pelagius) tot ketter te verklaar, was dat die Alexandria skool se standpunt hoogty gevier het. Die persoon wat die Alexandria standpunt die sterkste voorgestaan het, was ene Eutyches, 'n vername monnik (argimandriet) van Konstantinopel. Sy vurige standpunt ten gunste van die Godheid van Jesus het hom selfs laat verklaar dat Jesus se mensheid in Sy Goddelikheid opgegaan het soos 'n druppel wyn in die oseaan verswelg word. Flavian, die biskop van Konstantinopel het in 448 nC 'n sinode byeengeroep wat Eutyches se standpunt verwerp het, 'n besluit wat deur laasgenoemde op appèl geneem is.

Sake het begin skeefloop toe die Patriarg van Alexandrië, Dioscorus, besluit het om Eutyches en sy standpunt in ere te herstel. Onder beskerming van keiser Theodosius II is daar 'n wêreldwye kerkvergadering onder leiding van Dioscorus te Efese in 449 nC byeengeroep. Die keiser het ook Eutyches se standpunt gehuldig en het Dioscorus opdrag en vrymag gegee om teenstand te onderdruk en verwyder.

Leo I was biskop van Rome. Hy het sy verstaan van die twee nature van Christus uiteengesit in 'n brief bekend as sy *Tome*, wat hy saam met 'n afvaardiging gestuur het na Efese. Alle pogings was vergeefs, die besluite was reeds vooraf geneem en Dioscorus het hardhandig die Eutyches

standpunt tot ortodokse kerklike leer laat verklaar. Die *Tome* van Leo is nooit voorgelees nie, en biskoppe wat die Eutyches standpunt verwerp het, is afgesit. Monofisitisme, die geloofsleer dat die menslike en goddelike natuur in die persoon van Christus 'n eenheid uitmaak in so mate dat die mensheid verdwyn, het hoogty gevier. Die hele Latynse Westerse deel van die kerk het die besluit verwerp. Leo het na die vergadering as 'n konsilie van Rowers verwys, 'n naam wat tot vandag gebruik word om daardie rampokker byeenkoms te beskryf. Die Roomse kerk, kerke van die Reformasie en selfs die Grieks-Ortodokse kerk verwys nie na hierdie Rowersinode as 'n konsilie nie.

Die gang van die kerk neem soms onverwagse wendings. Een so 'n wending was die gevolg van 'n toevallige ongeluk toe keiser Theodosius weens 'n perdry ongeluk oorlede is. Sy suster en haar man, Pulcheria en Marcian, het die regeerders van die Romeinse ryk geword. Hulle was teen Eutyches se leer gekant en het 'n konsilie te Chalcedon opgeroep om die Monofisiete se leer ongedaan te maak.

Die konsilie van Chalcedon het byeengekom om standpunt in te neem teen die Monofisitisme, om die kerk se standpunt teenoor Nestorius te bevestig en die ware aard van Jesus op grond van die Bybel op te klaar. Leo se *Tome* is voorgelees en dit het goeie rigting aan die besprekings en finale besluit verleen. Daar is besluit om nie weer 'n geloofsbelydenis op te stel nie. Die konsilie van Chalcedon het gekies om net die grense van die gesprek aan te dui, die veld vir debat af te sper by wyse van

spreke. Enige stelling of gesprek buite die vier sake wat aangedui word, is nie meer ortodoks (ware leer) nie. Daar word nou nog kritiek gelewer wat daarop neerkom dat Chalcedon se stellings nie voldoende is nie. Chalcedon wou nie alles oor Jesus se twee nature stel nie, hulle wou net die perke van die debat stel om aan te dui dat mens fouteer indien een van die grense oorskry word. Die Chalcedon formule (definisie) is 'n kunstige samestelling van beide die Antiochië en die Alexandrië standpunte. Die kern van die Evangelie word saamgevat omdat Jesus ons verlore mensheid ten volle aangeneem het om ons te kan red. Gregorius van Naziansus het gesê: "Dit wat Jesus nie aangeneem het nie, het Hy nie genees nie. Dit wat met Sy Godheid verenig was, is ook gered." (vry vertaal) Die inleiding en formule (definisie) (vry vertaal) lui as volg:

Ons is in ooreenstemming met die heilige vadere. Ons verkondig en bely met een stem die een en dieselfde Seun, ons Here Jesus Christus: Ewe perfek in Sy Godheid en perfek in Sy mensheid, dieselfde ware God en Ware mens, wat 'n rasonale lewende wese (rasionele siel en liggaam is). Hy is van dieselfde essensie as die Vader na Sy Goddelikheid, en van dieselfde essensie as ons na Sy menslikheid, ons in alles gelyk behalwe die sonde. Voor die eeue (voor tyd) uit die Vader verwek so ver dit Sy Goddelikheid betref. In die laaste dae, vir ons en ons saligheid, is Hy na Sy menslikheid gebore uit Maria, die maagdelike God-draer (*Theotokos*).

Hy is een en dieselfde Christus, Seun, Here, Enig-gebore, erken as synde van twee nature wat nie verwar kan word nie, nie kan verander nie, nie verdeel kan word nie en nie uit mekaar gehaal kan word nie. (**Sonder vermenging, sonder verandering, sonder verdeeldheid, sonder verdeling/skeiding**)

Op geen stadium van Sy bestaan was die verskil tussen die nature weggeneem of opgehef nie; intendeel die eienskappe van beide nature is bewaar en kom saam in 'n enkel persoon en 'n enkele voort bestaande wese. Hy is nie verdeel of uitmekaar gehaal in twee persone nie, maar is die een en dieselfde Enig-gebore Seun, God, Woord, Here Jesus Christus. Dit is presies wat die profete van meet af oor Hom verkondig het, soos die Here Jesus Christus self ons geleer het, en die belydenis van die vadere dit aan ons oorgelewer het.

Na al die konsilies se besluite, het Chalcedon se konsilie besluit om nie weer nog 'n belydenis op te stel nie, maar eerder gespreksreëls. Hulle het gekies om die parameters te stel waarbinne die twee nature van Jesus bespreek moet word. Enige gesprek oor die Here Jesus se Goddelike en menslike aard, is ortodoks wanneer dit geskied binne die grense van; Sonder vermenging, sonder verandering, sonder verdeeldheid, sonder verdeling/ skeiding. In die volgende Die Skietlood 132 sal daar teen hierdie agtergrond en formule aandag geskenk word aan Artikel 19 van die NGB